# Les 1: Paulus se Bediening in Korinthe

## A. Paulus, ‘n apostel van Jesus Christus

1. 1 Korinthiërs 1:1, 2 Korinthiërs 1:1 Hoe het Paulus homself geidentifiseer wanneer hy vir die Christene in Korinthe geskryf het? (sien ook Romeine 1:1)
2. Wat is die betekenis van die woorde “deur die wil van God”? Galasiërs 1:1
3. Volgens die apostel Petrus (Hand.1:21-22), was dit nodig dat ‘n apostel ‘n getuie moes wees van die opstanding van Christus. Het Paulus gekwalifiseer? 1 Korinthiërs 15:3-10 (sien ook Hand. 9:1-6)

## B. Paulus se bediening in Macedonië en Athene

1. Hoekom het Paulus Macedonië in sy tweede sendingreis ingesluit? Hand. 16:6-10
2. Watter stede in Macedonië het Paulus besoek voordat hy suidwaarts na Athene en Korinthe vertrek het?
3. Watter lesse het Paulus geleer in Athene voordat hy verder suid gereis het na die Peloponnese skiereiland van Korinthe? Hand. 17:16-21, 22-31, 32-34

## C. Paulus se bediening in Korinthe

1. Wat weet u van die antieke stad van Korinthe?
2. Hoe het Dr. Lukas Paulus se eerste besoek aan die Korinthe beskryf? Hand. 18:1-8
3. Hoekom het Paulus tyd afgestaan aan tentmakery terwyl daar so baie mense in Korinthe was wat die goeie nuus omtrent Jesus moes hoor?
4. Watter lesse kan ons leer uit Paulus se oorskakeling vanaf die sinagoge in Korinthe na die huis van Justus?
5. Watter boodskap van God het Paulus oortuig om langer in Korinthe te bly? Hand. 18:9-11
6. Wie het Paulus se bediening in Korinthe teëgestaan en watter onverwagse ondersteuning het hy gekry? Hand. 18:12-17
7. Watter lesse kan ons uit Paulus se ervaring in Korinthe leer vir ons daaglikse lewe vandag?

## D. Paulus se briewe aan die Christene in Korinthe

1. Hoeveel briewe het Paulus aan die Christene in Korinthe geskryf en waarom het hy hulle geskryf? 1 Korinthiërs 1:2-3; 4:14, 2 Korinthiërs 2:4; 2 Petrus 1:19-21
2. Waar het Paulus hom bevind toe hy sy eerste brief aan die Christene in Korinthe geskryf het? 1 Korinthiërs 16:5-9
3. Wie het Paulus se opinie verander omtrent die uitdagings wat die Christene in die gesig moes staar in die kerk in Korinthe? 1 Korinthiërs 1:11
4. Wie het vir Paulus ‘n brief geskryf waarin hulle raad vra omtrent verskeie sake, rakende die lewe van ‘n volgeling van Jesus in ‘n stad gevul met heidense kulture? 1 Korinthiërs 7:1a
5. Wat is sommige van die uitdagings wat ons vandag mee te kampe het as volgelinge van Jesus? Waarheen kan ons onsself wend vir wyse raad? Psalm 32:8, 119:105, Johannes 16:13, ens.